higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

HANDVERVAARDIGING
NKR VLAK 2

XX Februarie 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Staan agter die persoon wat verstik, steek jou arms onder sy arms deur en hou hom om die middellyf vas.✓Vind die xisifesternum met een hand en die naeltjie met die ander hand.✓Plaas ’n vuis direk bokant die naeltjie en onder die xisifesternum.✓Gryp jou een vuis met die ander hand en trek na jou en opwaarts met ’n vinnige, ferm beweging.✓Herhaal hierdie vinnige opwaartse stootbewegings totdat die obstruksie loskom of die persoon bewusteloos raak.✓ (5)

1.2

Verwyder suurstof:
As vloeistof brand, soos petrol, blus dit met droë poeier of skuim.



Verwyder hitte:
As ’n vaste stof brand, soos hout, verwyder die hitte met water.

Verwyder brandstof:
As dit ’n elektriese of gasbrand is, verwyder energiebron deur die gas of krag af te skakel.

(Enige relevante diagram 4 × 1) (4)

1.3
- Blokkeer die nooduitgang
- Water of olie op die vloer
- Loop sonder ’n veiligheidshelm
- Werk sonder veiligheidsbril op ’n masjien
- Dra ’n swaar houer
- Rook in ’n nie-rook sone
- Blokkeer die gesondheid-en-veiligheidsbord
- Los elektriese koord op die vloer
- Onveilige opstapeling van houers
- Veiligheidskerm oop terwyl daar op ’n masjien gewerk word (Enige 6 × 1) (6)

[15]

VRAAG 2

2.1
- Tekenhake
- Tekentafels
- Tekendriehoeke
- Klem-/Normale potlode
- Uitveërs
- Uitveeskerms
- Passers
- Verdeelpassers
- Liniale
- Skaalliniale
- Gradeboë
- Stensils
- Tekenkromme
- Buigbare tekenlatte (Enige 6 × 1) (6)

2.2



(2 + 2) (4)
[10]

VRAAG 3

3.1 34° 15' (1)

3.2
- Hou die band skoon.
- Bêre die band in ’n droë plek.
- Hanteer die band versigtig.
- Moenie die band laat kinkel of ’n lus maak nie.
- Rol altyd die band op.
- Laat gly die band gereeld deur ’n effens geoliede lap. (Enige 4 × 1) (4)

3.3



As die mate op albei bande presies dieselfde is, is die werkstuk haaks. (5)

3.4 Soliede stempels is soliede blokke verharde gereedskapstaal met 'n skroefgat.✓Die snyrande is in die vorm van groewe.✓ Dit word gebruik om beskadigde skroefdrade te herstel of om 'n gemasjineerde skroefdraad af te werk.✓ (3)

3.5



(4 × 3) (12)
[25]

VRAAG 4

4.1
- Die werker hoef nie elke keer die helm te lig wanneer hy seriesweiswerk doen nie.
- 'n Beginner hoef nie te leer om die sweiselektrode stil te hou wanneer hy die helm laat val nie.
- Dit bied deurlopend oogbeskerming terwyl daar gesweis word. (3 × 2) (6)

4.2



Rondomsweis Terreinsweis

(2 + 2) (4)

4.3 4.3.1
- Elektrodeleiding
- Werkleiding
- Aardleiding (3)

4.3.2
- Elektrodeleiding – die kabel wat die elektrodehouer met die sweismasjien verbind
- Werkleiding – die elektriese kabel wat die werkstuk met die sweismasjien verbind
- Aardleiding – die leiding wat die werkstuk met 'n aardpunt verbind

(3 × 2) (6)

4.4



(3 × 2) (6)

4.5
- Grootte van die las wat gesoldeer moet word (puntgrootte) ✓
- Hitte nodig om las te soldeer✓sonder om ander komponente te beskadig✓
- Grootte van gesoldeerde oppervlakte(moenie swaar of ongelyk wees nie)✓
- Soldeerboutkoste✓ (5)

[30]

VRAAG 5

5.1
Naam: (enige naam)✓
Naam van taak: Masjiensleutel✓
Begindatum: (enige datum)✓
Einddatum: (enige datum na die begindatum)✓
Materiaal: Sagte staal✓
Grootte: 55 × 15 × 10 mm✓

Plan:
Sny staal volgens grootte, verwyder baard – nonius,kraspen,ystersaag,vyl✓
Merk die vorm van die sleutel af – kraspen, liniaal✓
Vyl staal na die regte grootte en vorm – vyl, nonius✓
Meet om seker te maak van die grootte – liniaal, nonius✓
Vyl 45° soos aangedui – vyl, 45° haaks✓
Finale afwerking van sleutel – fyn vyl, nonius, baie fyn skuurpapier✓ (12)

5.2 Verhitting verander metaal se eienskappe.✓ Metaal word tot 'n sekere temperatuur verhit en dan vinnig afgekoel.✓ Metaal kan, na gelang van vereistes, sagter as voorheen wees om masjinering te vergemaklik of dit kan harder wees.✓ (3)

5.3
- Skoon en aangename werkstoestande
- Verminderde moontlikheid van ongelukke
- Meer ruimte beskikbaar
- Verminderde risiko van brandgevaar
- Tydbestuur want werkers hoef nie vir gereedskap en toerusting te soek nie (5)

[20]

TOTAAL: 100

Copyright reserved